**Maandag 29 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 31**
**Fokusgedeelte: Psalm 31:6, 16**

## My tye is in u hand

Om jou lewe in die hande van iemand te gee, vereis dat jy daardie persoon werklik vertrou. Ons gaan nie in 'n motor ry as ons weet die bestuurder is glad nie bevoeg om te bestuur nie. Dawid begin die psalm deur sy absolute vertroue op die HERE te verklaar. Hy is die rots, die bergvesting, die skuiling. Op grond van hierdie vertroue gee hy sy lewe in die hande van die HERE.

Ons Here Jesus Christus se kruiswoord kom uit ons fokusvers: Vader, in u hande gee ek my lewe/gees oor. In volle vertroue gee Hy sy gees in die hande van sy hemelse Vader oor, nadat Hy alles volbring het wat sy Vader Hom opgedra het om te kom doen. Hoeveel te meer kan ons nie in hierdie troos lewe en sterwe nie? Ons kan die HERE vertrou, Hy het in Jesus Christus ons vrygemaak, ons verlos (vs 6b). Dit getuig van sy liefde vir ons as sondaarmense.

Vertrou ons werklik die HERE? Hoeveel keer gebeur dit in ons lewe dat ons ons sake in eie hande wil neem en organiseer – en dink dat ons in beheer is? As daar skielik 'n krisis kom, wat doen ons? Vertrou ons die HERE as daar siekte, nood en beproewinge in ons lewe kom?

Hoekom moet ons so op die HERE vertrou? In vers 16 kry ons 'n antwoord: My tye is in u hand. Dit is nie net my lewe nie, maar ook die tye van my lewe wat in die HERE se hand is. Elke tydperk van my lewe hier op aarde, my ontvangenis, my geboorte, my kinderjare, my jeug, my volwasse jare, my ouderdom – ja, al my tye in sy hand. Die twee grootste oomblikke van my lewe op aarde, my geboortetyd en my sterwenstyd, is in sy hand. Waarom twyfel ons dan om die res van al ons lewenstye in sy hand te gee? Jy kan op Hom vertrou – Hy is die Rots, jou bergvesting.

En as jou sterwenstyd aanbreek, kan jy Hom vertrou, jy kan jou lewe, jou gees in sy hande gee.

*Sing: Psalm 31:4, 12 (1936)*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)*